**VERWYDER ALLE SUURDEEG**

Tydens die Fees van Ongesuurde Brode word ons opgeroep om alle vorme van suurdeeg uit ons lewens te verwyder. Wat presies word hiermee bedoel? 'n Ondersoek na die woorde wat die Skrif in die konteks van Ongesuurde Brode gebruik en die manier waarop hierdie woorde ingespan word, gee vir ons 'n baie goeie idee. Die basiese konnotasie van suurdeeg is dat dit oor die vermoë beskik om 'n baksel voedselbestanddele te laat rys (opswel) en dimensies daaraan te gee wat dit eintlik nie op sigself bevat nie. In 'n geestelike sin word suurdeeg daarom met valsheid in verband gebring. Ongesuurde Brode is daardie tyd van dier jaar waarin ek en jy geleentheid kry om klaar te speel en ontslae te raak van elke vorm van valsheid in ons lewens. Hierdie proses vereis 'n deeglike en eerlike selfondersoek en ons het die Skrif nodig om ons in hierdie opsig te begelei.

Shemot 12:20 "Julle mag niks eet met suurdeeg in nie. In al julle woonplekke moet julle ongesuurde brode eet" ("chametz", afkomstig van "chamatz" - hierdie woord hou onder meer verband met die begrip "extortion" of "afpersing"; die woord vir "ongesuurde brode" is "matzah" wat letterlik beteken "soet brood" - die teenoorgestelde van suur en bitter)
Dus: Om valslik voordeel uit ander te trek

Devariem 16:4 "En daar mag by jou sewe dae lank geen suurdeeg in jou hele grondgebied gesien word nie; ook mag niks van die vleis wat jy die eerste dag in die aand slag, tot die môre toe oorbly nie" ("seór", afkomstig van "shaár" - die basiese betekenis van hierdie woord is "om oor te bly" of "om agter te bly")
Dus: Om valsheid in jou hart te laat oorbly

MattietYahu 16:12 "Toe het hulle begryp dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van die brood nie, maar vir die leer van die Perushiem en Tsaddukiem" (die uitwerking van lering op 'n mens se lewe is net so kragtig soos dié van suurdeeg)
Dus: Om valse lering uit te deel of te ontvang

Markus 8:15 "En Hy het hulle beveel en gesê: Pas op, wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Perushiem en die suurdeeg van Herodes" ("zume" afkomstig van "zeo" wat beteken "om warm te wees" of "om oorywerig te wees")
Dus: Om met valse ywer 'n sekere koers in te slaan

Luk 12:1 "Toe duisende van die skare ondertussen saamkom, sodat hulle mekaar vertrap het, begin Hy aan sy dissipels te sê: Pas veral op vir die suurdeeg van die Perushiem, dit is geveinsdheid" (die Griekse woord vir geveinsdheid is "hupokrisis" wat letterlik beteken "om onder 'n dekmantel" op te tree)
Dus: Om onder valse voorwendsels te praat of te handel

1 Kor 5:6 "Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie?" (Shaul se argument is dat die Korinteërs opgeblase is in plaas daarvan dat hulle berou het oor dit wat verkeerd is in hulle midde)
Dus: Om met valse roem of trots vervul te wees

Gal 5:9 "'n Bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur" (Hier is die argument dat die Galasiërs toelaat dat mense hulle verhinder om aan die waarheid gehoorsaam te wees)
Dus: Om valse beïnvloeding in jou lewe toe te laat

1 Kor 5:8 Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die Ongesuurde Brode van reinheid en waarheid!